**31 Oktober** **Skrifgedeelte: Handelinge 2:37-47**
**Fokusgedeelte: NGB, Art 27**

## Die kerk – ’n vergadering van almal wat glo

As ’n mens se oog Sondae oor die gemeente gaan, dan sien jy ’n klomp gewone mense. Hulle lyk maar net soos die mense wat jy ook by die skool, by prysuitdelings, boeredae of in die winkels sien. Omdat alles so gewoon lyk, bestaan die gevaar dat ons ook op ’n alledaagse manier met mekaar omgaan: Groet dié wat jou groet, ignoreer dié wat jou ignoreer en probeer in niemand se pad wees nie. Só word die kerk ’n klub of ’n geestelike inkopiesentrum waar mense in ’n losse verhouding met mekaar staan.

Besef tog dat die kerk anders is! Ons verhouding met mekaar is BUITENGEWOON. Dit het ’n bonatuurlike oorsprong, naamlik die Heilige Gees. Die Gees bring in die kerk uitverkore mense bymekaar in wie Hy besondere kenmerke bewerk:

Almal het ’n ernstige hartprobleem. Hulle harte is “diep getref” (“deurboor”) (vers 37) deur die woord van God wat hulle sondeskuld aanwys.

Almal het omgedraai na Christus toe (“bekeer”) (vers 38) om volledig aan Hom te behoort en net uit sy genade te lewe.

Almal maak voortdurend werk daarvan om God en medegelowiges eendragtig te dien (vers 42, 44-47).

Miskien lyk die kerk nie vir jou só nie. Gaan wees jy dan so ’n lidmaat. Dit is mos wat die Heilige Gees wil. Hy kan kragtig deur jou werk.

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*